

Die universiteit van die lewe

‘n Uittreksel uit ‘n artikel wat ek op 16 November 2002 aan plaasboere in Zimbabwe geskryf het wat te midde van die plaasbesettings verskriklik swaargekry het. Dit was kort nadat ek my eie plaas in geloof gekoop en begin boer het.

Ek het pas ‘n roerende gradeplegtigheid in November 2002 bygewoon waar ‘n aantal onderwysers ná drie jaar se harde werk hul graad verwerf het. Die visie van *Midlands Christian Training Centre*, wat tien jaar tevore uit ‘n merkwaardige profetiese opdrag gebore is, was om goed-opgeleide Christelike onderwysers die land in te stuur om aan kinders se lewens die lig van Jesus te bring. Dit was ‘n belewenis om jong manne en vroue op die verhoog te sien staan en sing,

“Ek hoor u roepstem, Here, en ek sal hardloop ... ek sal die prys betaal, Here, ongeag hoe groot, ek weet dat U saam met my gaan ...”

en,

“Here, wanneer U vra, ‘Wie sal my kinders lei,’ sal my antwoord wees, ‘Hier is ek, Here, hier is ek, stuur my.’”

Visie is wonderlik en daar is niks so hartroerend soos ‘n hele groep mense wat gesamentlik aan ‘n Godgegewe visie uitdrukking gee nie. Mens voel skoon lus om deel te wees daarvan.

Maar ...

Die volgende môre is die groep jongmense nie meer daar nie – die refrein van die liedjie het klaargemaak – en die werklikheid

van 'n ontsettende harde wêreld skop in. Wat dan? Die opleidingsbeampte – Vivian Jenkins – het in haar toespraak 'n diep stelling gemaak. Sy het oor die nasionale probleme gepraat wat ons in Zimbabwe ervaar het, waarin die onderwysers gestuur sou word, en deur na Jesus se stelling te verwys oor die wyse en dwase mense wat hul huise óf op die rots, óf op sand bou, het sy gesê,

“Dit is 'n groot voorreg dat 'n mens se fondasies daaglik beproef word.”

Ek het gedink hoe waar dit is. Ek het op daardie stadium pas drie uitmergelende dae beleef waarin baie dinge verkeerd geloop het. My seun wat saam met my deur dit alles gewerk het, het my gevra, *“Hoekom is dit dat alles skeef loop?”* Teen daardie tyd was hy al taamlik moedeloos.

Hy was die vorige dag geskok toe die trekkerbestuurder, 'n Christen arbeider saam met wie hy gewerk het, die trekker se koppelaar per ongeluk laat gly het en binne enkele sekondes van die trekker afgeval en onder die groot agterwiel beland het. Die arbeider het gegil van die pyn. Ons het egter vir hom gebid en die Here het hom wonderbaarlik aangeraak en geen bene is gebreek nie.

Die dag van die gradeplegtigheid het ek met 'n bebloede gesig huistoe gekom. 'n Moersleutel waarmee ek gewerk het, het gegly en my net bokant my oog getref. Binne 'n halfuur van daardie voorval het die boue wat die sleepwa se trekhaak aan my bakkie vashou, gebreek, en die sleepwa met sy swaar vrag het afgetuimel. Dit was maar 'n paar voorvalle wat gebeur het. My seun se vraag, *“Hoekom is dit dat alles skeef loop?”* maak nou meer sin.

Die vraag waarna ons altyd in tye van beproewing moet terugkeer, is, *“Waarvoor is ek geroep?”* Ek was eintlik nie deur dit alles ontsteld nie. Daar was al baie ernstiger en meer stresvolle situasies om te hanteer – en die laaste paar dae was regtig niks in vergelyking met die vorige beproewinge nie. Maar vir my seun wat nog nie in die universiteit van die lewe opgelei was nie, was hierdie dinge egter moeilik – en hy was nie eers aan die bestuur en verantwoordelik om die besluite in die situasie te maak nie.

Die toets van geloof

Wat ‘n wonderlike universiteit is hierdie universiteit van die lewe nie! Dit stuur vir jou toetse sonder aankondiging. Dit sê net skielik, “Haai my maat, vandag is toetsdag – of jy gereed is, of nie!” Hoe vaar ons dan?

Vivian se stelling is dan so toepaslik. *“Dit is ‘n groot voorreg dat ‘n mens se fondasies daaglik beproef word.”* Dit is nie ‘n groot tragedie dat ons daaglik beproewinge ondergaan nie – dit is eerder ‘n groot *voorreg*. Waarom sou sy dit ‘n *voorreg* noem?

Die rede is nogal eenvoudig. Geloof is een van die belangrikste eienskappe wat ons as Christene kan hê. Die enigste manier wat geloof *geloof* genoem kan word, is wanneer dit getoets word. Iemand wat sê dat hy geloof het, maar nog nooit die beproewing ervaar het nie, weet niks van geloof nie.

Die belangrikste toets wat geloof kan hê, is die *toets van uthouvermoë*. Daar word na Abraham verwys as die *“vader van geloof”* en dit het hy geword deur baie jare se *uthouvermoë*. Hy moes aan die beloftes van God vashou terwyl dit absoluut onmoontlik gelyk het vir daardie beloftes om tot vervulling te kom. Hy het ‘n roeping in die lewe gehad – om ‘n erfgenaam te voorsien deur wie God sy belofte vir internasionale seën deur

die eeue heen kon volbring. Soos die jare verbygegaan het, het beide Abraham en Sara dieper en dieper in die onmoontlikheid inbeweeg. Hulle het nietemin daaraan vasgehou – alhoewel almal om hulle seker gedink het hulle is mal.

‘n Hardnekkige vasberadenheid

Dit is daardie hardnekkige vasberadenheid om met ‘n meedoënlose greep aan die belofte vas te hou, ongeag die moeilikhede en onmoontlikhede, wat *karakter bou*. Geloof sonder Goddelike karakter is niks werd nie. Wanneer God dan ons geloof toets, bou Hy *karakter* in ons. Dit is nie die moeilike tye self wat van ‘n mens ‘n geestelike reus maak nie. As dit die geval was, sou die bevolking van Biafra en die Kongo en Ruanda, ens., groot geestelike reuse gewees het. Nee, dit is eerder ons positiewe reaksie op die moeilike tye wat daardie groei meebring.

Wat maak ons sterk? Dit is eenvoudig die moeilike jare van beproewinge wat ons deur God se genade kon oorwin. Wanneer ons hierdie oorwinnings agter ons het en die duiwel weer iets na ons kant toe gooi, kan ons sê, *“Ek het dit voorheen al beleef; en met hulp van Bo het ek die vorige keer gewen en deur die genade van die Here kan ek dus weer oorwin.”* Hoe meer oorwinnings ons behaal, hoe groter is ons *uithouvermoë en vertroue op God*. Ons behoort dus *elke beproewing as ‘n groot voorreg te beskou en dit vir ons geestelike groei te gebruik*.

Om ‘n oond uitmekaar te haal

Omtrent sestien jaar tevore (1986) het ek my gietery en ingenieursmaatskappy begin. Ek moes ‘n oond aanskaf. Ek het van ‘n gietery in ‘n ander dorp gehoor wat toegemaak het en nou al hulle toerusting verkoop. Ek het toe besluit om hulle *cupola* oond by hulle te koop.

Om die tjek te teken was die maklike deel. Hierdie oond was in hulle massiewe gebou se struktuur ingebou. Dit was ongeveer drie verdiepings hoog en sou stuk vir stuk van die struktuur losgesny en uitmekaar gehaal moes word. Dan sou dit met swaar-gewig hysertoestelle op 'n 15-ton trok en sleepwa gelaai moes word – geen geringe taak nie!

Dit was 'n Donderdag oggend en ek wou dit teen die Saterdagmiddag doen. Ek het 'n deskundige *rigger* (staal struktuur bouer) genader om te vra of sy maatskappy dit vir my sou doen. Die man het vir my uitgelag en gesê dat dit onmoontlik was – dit sou minstens 'n week of twee neem, en die hele dak van die gieterie sou verwyder moes word sodat daar plek sou wees vir twee hysertoestelle om in te kom – en dit alles natuurlik teen groot onkoste.

Dit het vir my na te veel van 'n uitdaging geklink en ek het in elk geval nie die geld vir sulke onkoste gehad nie. Ek het toe met my klein spannetjie ambagsmanne en 'n stel Oxy / Asiteleen bottels en 'n snybrander aan die werk gespring. Teen middernag Saterdag was die trok en wa gelaai en die gieterie se dak nog op sy plek. Toe die man wat vir my gelag het die Maandag oggend daar instap, was daar net 'n groot gat waar die oond eens op 'n tyd was.

Hierdie was maar een van die honderde ervarings wat ek in die industrie beleef het en daardeur het ek 'n goeie idee van wat gedoen kan word of nie. Deur die byna onmoontlike uitdagings van die lewe in die oë te kyk en te oorwin, het vir my oorwinningservarings gegee wat niemand van my kan wegneem nie. Dieselfde geld vir die geestelike. As mens net doelgerig deur dinge sal werk en ons persoonlike oorwinnings deur geloofsaksies behaal, sal ons sterker mense word. Dit is nie die ongunstige omstandighede self nie, maar eerder die

oorwinnings wat ons **in** daardie ongunstige omstandighede behaal, wat ons sterk maak.

Om ons kinders op te lei

Ek het my seun se vraag beantwoord, *“Daar is ‘n duiwel wat nie hou van wat ons doen nie en hy wil ons graag keer. Ons moet hom nie toelaat om dit te doen nie. God is aan ons kant en dit is Hy wat vir ons ‘n visie gegee het. Dit is nou die tyd om ons geloof tot aksie oor te sit en die visie te laat werk.”* Om ‘n voorbeeld te stel is een van die beste maniere om ons kinders te leer.

Om terug te kom na die jong onderwysers wat met soveel entoesiasme die wêreld ingestuur is - ek weet dat elkeen van hulle beproef gaan word. Wanneer die beproewing kom, moet jy jou oorspronklike visie nie betwyfel nie. Kom ek stel dit so:

Moenie in die donker tye die roeping wat jy in die lig ontvang het, betwyfel nie!

Dit is gedurende daardie donker tyd in die woestyn wat die visie wat jy ontvang het dalk net jou enigste flikkerende lig mag wees. Wat jy ookal doen, moenie jou greep op daardie klein liggie, hoe klein en onmoontlik dit ookal mag voorkom, verloor nie!

Heb 10:35 “Werp dan julle vrymoedigheid, wat ‘n groot beloning het, nie weg nie.

10:36 “Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry.”

Dink mooi oor die volgende Skrifgedeelte na:

*2Kor 4:17 "Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, **bewerk vir ons** 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid;"*

Die verdrukking **werk vir ons**. Sê dit weer – *"Bewerk vir ons ..."*
Sê dit weer - *"Bewerk vir ons ... bewerk vir ons ..."* Die werk wat dit vir ons doen, is om ons meer soos Christus te maak. Dit is dus goed. Dit is tot ons ewige voordeel. Uithouvermoë bring 'n sterkte en soetheid van karakter in ons voort, en daarmee saam 'n hardnekkige vasberadenheid wat deur geen demoon in die hel gekeer kan word nie. Wanneer ons in die beproewinge deurdruk, word ons, deur God se hulp, 'n mag om mee rekening te hou, en op dié manier kan die lig van die evangelie dan kragtig deur ons skyn.

Daar is natuurlik ook ander aspekte van karakter wat Hy terselfde tyd in ons lewens bewerk – soos nederigheid in plaas van ons trots, sagmoedigheid en liefde in plaas van harde arrogansie, ens.

Ek wil voorstel dat ons na ons omstandighede kyk en onself dan twee eenvoudige vrae vra:

1. Wat leer die Here my hierin?
2. Hoor ek Hom regtig, of kruip ek weg om sodoende die les te vermy?

Hoe vaar jy in hierdie universiteit van die lewe? Die Bybel sê:

Heb 13:5b "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."

Erken jy sy teenwoordigheid in jou omstandigheid?

Hoe 'n mens 'n wedloop voltooi

So belangrik soos 'n goeie wegspring mag wees, is dit nie hoe mens die wedloop begin wat saak maak nie – dit is hoe ons dit voltooi. Getrouheid en uithouvermoë is twee goddelike karaktereienskappe wat verseker deel van God se opleidingsprogram in hierdie universiteit van die lewe sal uitmaak. Hy is die Opleidingsbeampte en ons is die studente. Dit is die beste universiteit ter wêreld. Dit verseker egter nie 'n 100% slaagsyfer nie, aangesien elke student 'n vrye keuse gegee is – om onderrig te ontvang of om dit te verwerp.

Aan die einde van die lewe

Dit is aan die einde van die lewe dat mens uitvind hoe goed ons aan hierdie universiteit geleer het. Gaan besoek enige aftree tehuis en jy sal die uitslae van 'n leeftyd se opleiding aanskou. Vir baie is hul afsluitingsjare vol bitterheid en hartseer. Vir ander weer is die laaste jare soet en pragtig.

Wat is dit wat die verskil maak? Ek glo dat 'n selfsugtige leefwyse – waarin net plesier en geluk nagejaag is – God se opleidingsprogram uit mens lewe sal sny. Die uiteinde sal ramspoedig wees – en ongelukkig word dit eers op mens se oudag ontdek wanneer dit amper te laat is om dinge te verander. 'n Leefwyse wat egter *ander se welstand op die hart dra* en wat toeganklik is om iets te leer, sal in 'n pragtige lewe vol wysheid en Goddelike karakter ontaard. Die volgende Skrifgedeelte het 'n doelwit vir my lewe geword:

Psa 92:13-15 “Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Líbanon. Geplant in die huis van YHWH, sal hulle groei in die voorhove van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog

vrugte dra, hulle sal vet (vars, sterk, vol sap, vrugbaar) *en groen wees ...*”

Ek sal graag op my oudag *“vars, sterk en groen”* wil wees – wat van jou? Dit is nou die tyd om daardie karaktereenskappe te bou. Vivian was reg gewees.

“Dit is ‘n groot voorreg dat ‘n mens se fondasie daaglik bely word.”

‘n Voorwerp tot eer

Dit is ‘n voorreg, want dit beteken dat God se hand daaglik op mens lewe is en dat Hy ons vorm om ‘n voorwerp tot eer te wees vir dit wat Hy vir ons lewe beplan het.

2Tim 2:21 “As iemand hom dus hiervan deeglik reinig, sal hy ‘n voorwerp tot eer wees, geheilig en bruikbaar vir die Here, toeberei vir elke goeie werk.”

Sal jy ‘n voorwerp tot eer wees? Sal jy jouself toelaat om deur die Groot Opleidingsbeampte opgelei te word? Of wil jy eerder ‘n maklike, probleemvrye leefwyse hê? Wat begeer jy werklik vir jou lewe?

2Kor 5:9 “Daarom lê ons ons ook ywerig daarop toe ... om Hom welbehaaglik te wees.”

Mag God ons meer soos Hom maak sodat ons lewens Hom mag behaag – mag ons onself aan sy universiteit onderwerp om volgens sy voorwaardes opgelei te word.

Met ‘n diepe liefde aan julle almal,

Henry D Jackson